higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

SANITASIE EN VEILIGHEID N4

2 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 B
1.3 B
1.4 B
1.5 A
1.6 D
1.7 C
1.8 B
1.9 D
1.10 B

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Waar
2.4 Onwaar
2.5 Waar
2.6 Waar
2.7 Waar
2.8 Onwaar
2.9 Waar
2.10 Waar
2.11 Waar
2.12 Waar
2.13 Onwaar
2.14 Onwaar
2.15 Waar
2.16 Onwaar
2.17 Onwaar
2.18 Onwaar
2.19 Waar
2.20 Onwaar

(20 × 1) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Veiligheidsteken.✓ Hanteer en berg messe met sorg.✓

3.2 Higiëneteken.✓ Dra geskikte haarnette wanneer met kos gewerk word om te verhoed dat hare in kos val.✓

3.3 Higiëneteken.✓ Hou rou en gaar kos apart om kruisbesmetting te verhoed.✓

3.4 Veiligheidsteken.✓ Dra beskermende skoene om voete teen vallende voorwerpe te beskerm.✓

3.5 Veiligheidsteken.✓ Voorskote beskerm die bene teen warm vloeistowwe (warm olie/water) wat kan stort of oorloop.✓

(5 × 2) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Chemikalie wat gebruik word om die meeste bakterieë dood te maak, maar vernietig nie die spore nie

4.1.2 Organisme wat siekte in die gasheer kan veroorsaak

4.1.3 Afwesigheid van gevare

4.1.4 Klein (mikro) lewensvorm (organisme)

4.1.5 Enige vorm van val, gly, brand, skroei, elektriese skok, snywonde en houe

(5 × 2) (10)

4.2
- Wees bewus van die manier waarop jou liggaam reageer wanneer jy drink.
- Eet altyd iets voordat jy alkohol gebruik.
- Drink stadig.
- Hou tred van hoeveel drankies jy drink.
- Dit is belangrik om te leer hoeveel alkohol jou liggaam kan hanteer.
- As jy iets moet doen waarvoor jy waaksaam moet wees, moet jy glad nie drink nie.
- Alkohol moet nooit met enige dwelm of medisyne gekombineer word nie.
- As jy regtig dors is, moet jy eers jou dors met water of ’n koeldrank les.
- As jy drink net om dronk te word, is jy onverantwoordelik.
- Jy hoef nie te drink net omdat jou vriende drink nie. (10)

4.3 Opneem van kos wat met groot hoeveelhede patogeniese organismes besmet is✓ of deur opneem van toksiene✓ wat voor verbruik deur mikro-organismes✓ in die kos voortgebring is✓ (4)

4.4
- Hardnekkige hoes
- Moegheid of swakheid van die liggaam
- Gewigsverlies
- Verlies aan eetlus
- Nagsweet
- Pyn in die bors
- Bloedbevlekte speeksel
- Kortasemrigheid (8)

4.5
- Kies die regte mes vir die taak.
- Hou messe te alle tye skerp.
- Plaas messe plat op die tafel neer.
- Moenie messe in ’n wasbak vol skottelgoedseep los nie.
- Moenie met messe speel nie. (5)

4.6
- Bly kalm. Tree eers op nadat jy besluit het wat om te doen.
- Onthou dat noodhulp slegs tydelik is. Maak seker die pasiënt is gemaklik en help waar nodig.
- Probeer om die aard van die besering te bepaal.
- Hou die pasiënt se lugweg oop.
- Stop bloeding van ’n sny, slagaar of aar.
- Behandel skok en voorkom komplikasies.
- Ontbied ’n dokter as die beserings ernstig is. (7)

4.7 Die wetenskap van gesondheid (2)

4.8
- Tyd
- Beskikbaarheid van kos
- Vogtigheid
- Temperatuur
- Beskikbaarheid van suurstof
- pH
- Mededinging (Enige 4 × 1) (4)

[50]

VRAAG 5

5.1 5.1.1
- Om die verspreiding van siekte te verhoed
- Om skade te verhoed
- Om finansiële verliese te verhoed
- Om die vermorsing van kos te voorkom
- Om die wet na te kom (5)

5.1.2
- Maak skoon terwyl jy werk.
- Moenie kos laat rondstaan nie.
- Bedek alle kos en plaas dit in houers met stewige deksels.
- Vervang vullissakke in die kombuis gereeld.
- Maak die kombuisvullisblikke gereeld skoon.
- Was en ontsmet werkoppervlakke en snyplanke.
- Werk op 'n georganiseerde manier.
- Bewaar kos teen die regte temperature.
- Gebruik vlieëvangers in die kombuis as insekdoders, waar nodig.
- Maak seker dat die toerusting wat vir voorbereiding gebruik word skoon is. (10)

5.2
- Duur
- Kan gevaarlik wees
- Veroorsaak skade aan rubberseëls en -slange (3)

5.3
- Verwyder oppervlakolie en versperrings voor jy begin skoonmaak.
- Volg die skoonmaakmetode wat die minste hindernis en versteuring veroorsaak.
- Herstel alle oppervlakke tot 'n toestand wat so na aan volmaak is as moontlik.
- Gebruik altyd die eenvoudigste skoonmaakmetode.
- Wees versigtig vir veiligheidsgevare soos nat vloere.
- Verwyder alle stof en vuilheid. Moet dit nie na 'n ander area oordra nie.
- Voer die skoonmaakproses op die vinnigste moontlike manier uit.
- Die doel van die skoonmaakproses is om skoon, higiëniese oppervlakke te verkry. (Enige 4 × 1) (4)

5.4
- Goeie kiemdodende aktiwiteit
- Lae toksisiteit vir mense
- Moenie die kleur, geur of smaak van verwerkte kos beïnvloed nie
- Goedkoop, doeltreffend en gerieflik
- Moet maklik gebruik kan word
- Moenie die gebruiker benadeel nie (Enige 3 × 1) (3)

5.5
- 'n Depper bestaan uit 'n stuk watte wat om die een kant van 'n stokkie gedraai is en moet steriel wees voordat dit gebruik word.
- Dit word met 'n steriele vloeistof nat gemaak en oortollige vloeistof word verwyder deur dit teen die houer te druk.
- Die klam depper word oor die toetsarea gevryf om enige organismes op te tel wat aan die oppervlak kleef.
- Die depper word dan in 'n steriele vloeistof geplaas om organismes daarvan te verwyder.
- Monsters van die vloeistof word in 'n gesmelte afgekoelde voedingstofagar geïnokuleer en geïnkubeer. (5)

5.6
- Verhoogde hartklop en bloeddruk
- Rusteloosheid
- Angstigheid
- Slaaploosheid
- Gastro-intestinale versteuring
- Spiertrekkings
- Deurmekaar gedagtes en spraak
- Geïrriteerdheid
- Onreëlmatige of vinnige hartklop
- Verlies aan vloeistof; kan gedehidreer word (Enige 5 × 1) (5)

5.7
- Gesins- of verhoudingsprobleme
- Probleme by die werk of skool
- Ongelukke
- Regsprobleme
- Finansiële probleme
- Gesondheidsprobleme (Enige 5 × 1) (5)

5.8
- Sloerfase:✓ Selle pas by omgewing aan en raak groter.✓
- Logaritmiese fase:✓ Wanneer selle aangepas het, vermenigvuldig hulle tot die maksimum wat deur die omgewing ondersteun kan word.✓
- Stilstaande fase:✓ Groei word vertraag weens kosverbruik, afvalproduksie en oorbevolking.✓
- Fase van afname:✓ As selle nie na ’n gunstige omgewing oorgedra word nie, gaan hulle geleidelik dood.✓ (4 × 2) (8)

5.9 Tanniene is flavonoïede wat in talle soorte kos teenwoordig is. (2)
[50]

VRAAG 6

6.1
- Baie klein
- Kan nie met die blote oog gesien word nie
- Kan slegs deur ’n vergrootglas gesien word
- Enkelsel-organismes
- Kom in alle lewende dinge, soos plante en diere, voor
- Plant aseksueel of seksueel voort (Enige 4 × 1) (4)

6.2
- Voedselvergiftiging by die bron
- Geen oordrag weens versigtige hantering van kos in alle vervaardigingsfases nie
- Kos word op geskikte manier geberg en daar is min geleentheid vir kontaminante om voort te plant
- Kos word geëet
- Daar is geen risiko’s nie (5)

6.3
- Gebruik van dieselfde kombuisgereedskap om besmette kos te bedien
- Swak persoonlike higiëne
- Onbedekte velinfeksies en snyplekke
- ’n Gehoes, genies en gespoeg terwyl kos voorberei word
- Onvoldoende skoonmaak van kosgereedskap
- Plae, soos huisvlieë en kakkerlakke
- Knaagdiere soos rotte en muise
- Troeteldiere soos honde, katte en hamsters
- Besmette of siek vee en melkkoeie
- Besmette watervoorraad
- Grond en stof (11)

6.4
- Kanker
- Lewersiekte
- Hartsiekte
- Niersiekte
- Abnormale werking van pankreas
- Maag kan beïnvloed word, want alkohol beskadig die maagwand
- Artritis
- Sielkundige probleme soos depressie en angs
- Wanvoeding (Enige 7 × 1) (7)

6.5
- Bloed, saad of vaginale vloeistof
- Seksuele omgang – man tot man, man tot vrou of vrou tot vrou
- Deur ongesteriliseerde naalde te deel
- Deur besmette ma na haar ongebore of pasgebore baba
- Mense met seksueel oordraagbare siektes (5)

6.6
- Laat groot herstelwerk aan kundiges oor.
- Moenie elektrisiteit naby water gebruik nie.
- Beskadigde koorde moet dadelik vervang word.
- Skakel die stroom af wanneer ’n prop ingesit of uitgehaal word.
- Moet nooit aan ’n koord pluk nie. (5)

6.7
- Tabak
- Koffie
- Pynstiller
- Alkohol
- Amfetamiene
- Kalmeermiddels
- Verslawende dwelms soos opium, heroïen en morfien
- Hallusinogene soos dagga, LSD en kokaïen (Enige 7 × 1) (7)

Kopiereg voorbehou

6.8
- Sig:✓ Daar moet geen vuilheid of klamheid in goeie lig wees nie.✓
- Aanraking:✓ Dit moenie olierig of grof voel nie.✓
- Reuk:✓ Daar moet geen onaangename reuk wees nie.✓ (3 × 2) (6)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou